
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.




Die O.B.




DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 4 OKTOBER 1944. No. 46.

# Grootraad Besluit Oor Parlementêre Front

## Ruime Volksfront Onder Leiding Van Ossewabrandwag

**Onderstaande besluit insake 'n parlementêre volksfront is op 29 September geneem deur die Grootraad van die Ossewabrandwag in sitting te Johannesburg:**

Die Grootraad neem kennis van die besluit tot uitsetting van alle lede van die Ossewabrandwag uit die H.N.P., d.w.s. die meerderheid van die Ossewabrandwag se totale ledetal, en aanvaar die konsekwensies daarvan.

Dit beteken o.a. dat vir sulke uitgeskopte lede 'n nuwe tuiste op parlementêre gebied geskep moet word. **As partylose republikeinse Volksbeweging, gedra deur 'n Christelik-sosiale lewensbeskouing, kan en wil die Ossewabrandwag nie oorgaan tot die stigting van 'n party nie.** Inteendeel voel ons dat die volk van nature en organies 'n eenheid is en dat hierdie natuurlike eenheid juis deur party-eksklusiwiteit vertroebel en versteur word. **Maar die Ossewabrandwag is bereid om die inisiatief te neem om 'n parlementêre volksfront te bewerkstellig waarin alle beskikbare volkskragte op 'n ruime grondslag ingeskakel word tot verwesenliking van 'n gemeenskaplike ideaal, nl. 'n vrye Suid-Afrika waarin die kommunisme afgeweer word veral deur die onderdrukking van sy oorsaak — die kapitalistiese uitbuiting — en die positiewe versekering van sosiale geregtigheid, en waarin die toekoms van die blanke ras beveilig word ook in belang van die nie-blanke rasse wat in Suid-Afrika aan sy sorg toevertrou is.**

Om hierdie frontstigting aan die gang te sit, benoem die Raad 'n komitee onder leiding van sy leier, dr. J. F. J. van Rensburg, en bestaande uit die onderleier, genl. J. A. Smith, ds. S. J. Stander, voorsitter van die Grootraad, prof. A. J. H. van der Walt, asook die beleidstudiehoof, prof. L. J. du Plessis, gebiedsleier C. A. Pienaar en die volksorganisasiehoof, prof. G. Cronjé, **met die opdrag om te beraadslaag met ander groepe, organisasies of persone wat bereid is tot saamwerking desgewens met behoud van hul identiteit as sodanig.**

Van sy kant het die Ossewabrandwag reeds oorgegaan tot die vorming van 'n verteenwoordigende sosiaal-ekonomiese beleidsraad vir die ontwikkeling van 'n eie positiewe beleid vir volkspolitiek."

Met die oog op die ontwikkeling van sy sosiaal-ekonomiese beleidsraad vir volkspolitiek en tot koördinering van die werk en beleid van sy afdelings en vertakkings besluit die Grootraad om die Ossewabrandwag as omvattende volksbeweging verder uit te bou deur inskakeling van die afdelings en vertakkings van beleidstudie, volksorg, arbeid, voorligting en kultuur as onderafdelings van die O.B.-beleidsraad.

Die hoof van die Beleidsraad, deur die Kommandant-generaal benoem, het opdrag om veral sosiaal-ekonomiese beleid te propageer, ook ter leiding van parlementêre- en arbeidsoptrede. Die nodige deskundiges sal ook op die Raad sitting neem.

## Drie Deskundige Uitsprake Oor Partypolitieke Nalatenskap

**● „In geen ander deel van die wêreld het ek erger grondverspoeling teengekom as in die Unie nie," het dr. Hugh Bennett, hoof van die Amerikaanse organisasie vir grondbewaring, verlede week in Kaapstad gesê.**

**● „Behuising in die Unie is 'n groter probleem as in enige van vyftien lande wat ek besoek het," het dr. E. J. Hamlin, direkteur van nasionale behuising in die Unie, kort gelede in 'n toespraak voor die Durbanse Rotariërs verklaar.**

**● „Meer as veertig persent van ons blanke bevolking in die Unie beskik nie oor die nodige middels om in al die voedingsbehoeftes van hul liggaam te voorsien nie," het dr. L. M. Latsky, voedingsbeampte van die Departement van Volksgesondheid, verlede jaar in 'n radio-praatjie verklaar.**

Hier het ons oordeelkundige uitlatings oor drie van die belangrikste aspekte wat die menslike lewe raak: die grond waarop en waaruit hy lewe, die dak oor sy kop en die voeding van sy liggaam. **En dit is die rekord van 'n partypolitieke bewind oor 'n tydperk van vier-en-dertig jaar. In hierdie tyd het elke party van belang reeds geleentheid gehad om in die kussings te sit. Dit het aan die noodlottige verloop van sake geen die minste afwyking besorg nie.** En nog is daar politieke partye wat voorgee dat die redding van Suid-Afrika alleen van hulle afhanklik is!

● Die redding van ons land en sy inwoners hang nie af van 'n demokratiese party nie, maar met die genade van God hang dit van die volk self af. **Alleen wanneer die volk alle partyverdeeldheid van hom afskud en hom as 'n eenheid organiseer binne 'n volksbeweging waar daar gewerk word in plaas van getwis, kan hy hoop om uit hierdie moeras van maatskaplike en ekonomiese ellende verlos te word.**

**● As 'n politikus praat van woestyn, bedoel hy daarmee die tydperk waarin sy party van die regeringskussings beroof is.**

**● As 'n volksman praat van woestyn, bedoel hy daarmee 'n land wat deur wind of water van sy teelaarde beroof is.**

### K.G. SE VERKLARING I.V.M. ADV. PIROW SE OPEBRIEF

Na aanleiding van 'n opebrief van adv. Pirow in Die Vaderland, verklaar die Kommandant-generaal langs dieselfde weg:

'n Volk word deur broedertwis sowel as deur blote niksdoen in oomblikke van gevaar ten gronde gerig. Wat ek in Afrikanerkringe in die Ossewabrandwag van naby leer ken het in die laaste jare het my die vaste geloof gegee dat ons volk nie sal ondergaan nie. Wat betref u versoek om toetrede tot 'n versoeningskomitee wil ek direk antwoord dat die O.B. en ook ek persoonlik nooit versoening van die hand gewys het nie. En ons is ook bereid om dit nou vir die soveelste maal sedert Monumentkoppie na te streef. Die bewys van versoening lê egter in samewerking. Besluite van die Grootraad staaf my gesegde dat ons ten spyte van uitskopbevele nog steeds bereid is om met H.N.P.-Afrikaners net soos met alle ander Afrikaners saam te werk.

### KOMMUNIS WANHOOP

„Slegs 'n wonder kan die land van fascisme red," skryf Solly Sachs, bekende kommunistiese leier aan die Rand in die Garment Worker. Onder fascisme verstaan hierdie mense natuurlik die beleid wat deur die Ossewabrandwag voorgestaan word. As rede vir sy wanhoop voer Sachs aan die feit dat die staatsdiens onder beheer is van „pro-fascistiese" elemente, dat verskeie universiteite en baie skole dien as broeiplekke van „fascisme" en dat die teruggekeerde soldate in die na-oorlogse ontwrigting teen die regering sal draai.

Beloftes maak skuld, sê die spreekwoord — beloftes maak stemme, sê die partypolitikus.

### WAPENSKOU WY UITGAWE AAN ARBEID

Wapenskou se arbeidsuitgawe, wat so pas verskyn het, is 'n gebeurtenis nie sonder betekenis in die Afrikaanse joernalistiek nie. Vir die eerste keer word in hierdie Afrikaanse tydskrif die ereplek afgestaan aan die skildering van werkerstoestande in ons land, nie in die taal van een of ander geleerde nie, maar in die beeldryke taal van die werkers self. Dit is voorwaar 'n voorbeeld wat navolging onder die ander Afrikaanse blaaie en tydskrifte verdien. Voor die onlangse studente-werkerskongres wat deur die A.N.S. op Johannesburg gereël is, het 'n reeks van 13 werkers, o.a. mynwerkers, spoorwegmanne, trembestuurders, klerewerkers, bouwerkers, ens., opgetree, en dit is hulle toesprake wat in die jongste Wapenskou opgeneem is.

Naas die werkerstoesprake is daar ook referate van dr. J. F. J. van Rensburg, wat die ere-president van die A.N.S. is, dr. S. P. van der Walt, mnr. W. R. Laubscher, arbeidslaer-organiseerder van die O.B., mnr. S Schoeman, oud-L.V vir Fordsburg, e.d.m. Brandwagte sal dus met groot voordeel met hierdie leesstof kennis maak. Intekengeld vir die volle jaargang van Wapenskou (kwartaalblad) is 5/- p.j., en die adres van die administrasie is Bus 28, Stellenbosch.

### VERPLIG OM TE KIES

By geleentheid van dr. Malan se vergadering op Potchefstroom voorverlede week het prof. L. J. du Plessis uit die gehoor opgestaan en verklaar dat dr. Malan 'n verkeerde voorstelling van die Ossewabrandwag gee. Hy het voorts gesê dat na die besluit van die Transvaalse kongres om O.B.-lede uit te skop, hy nou verplig is om tussen die O.B. en die H.N.P. te kies. **Hy kies dus die Ossewabrandwag, en is nie meer lid van die H.N.P. nie.**

## ONS EIE BOEKE

### Kan Ons Aanbeveel.

| | |
|---|---|
| **VERNAME PERSONE** deur Dr. E. Stockenström | 6/6 p.v. |
| **DIE AFRIKAANSE VROU** deur Dr. E. Stockenström | 6/6 p.v. |
| **SAAM VERBAN** 'n Verhaal uit die Anglo-Boere-oorlog deur Mev. M. J. v. Straten | 5/- p.v. |
| **MARYNA** — 'n roman deur Malherbe-Carinus | 5/- p.v. |
| **MIETES EN SAGES** Ou Griekse legendes deur Mev. Dr. P. v. Braam | 6/6 p.v. |
| **SKANDINAWIESE VERTELLINGE** deur Prof. A. C. Bouman en Prof. C. F. S. de Villiers | 5/6 p.v. |
| **DIE OU BYBEL** 'n Verhaal uit die tyd van die Hugenote-vervolging deur S. Niemeyer | 3/6 p.v. |
| **VIR KINDERS** Kinders van die Boerevrou | 6/6 p..v |
| **ANNA DIE VOëLTJIE** en ander verhale | 1/6 p.v. |
| **TWINTIG SKOOLLIEDJIES** | 3/- p.v. |

*Bestel van*

**Pro Ecclesia-Drukkery (Edms). Bpk.**

*POSBUS 28* *STELLENBOSCH*

DIE O.B., WOENSDAG, 4 OKT. 1944.

# As Politiek Sy Doel Mis

Sensasiewekkende berigte oor die verspoeling van ons vaderlandsgrond het die afgelope weke in die dagbladpers verskyn na aanleiding van die besoek van 'n Amerikaanse deskundige, dr. Hugh Bennett, wat na 'n reis deur die land verklaar het dat hy in geen ander land so 'n skrikwekkende grondverspoeling teengekom het as in die Unie nie.

Hier het ons 'n tipiese voorbeeld van demokratiese optrede. Vir elke vaderlander was dit jarelank reeds 'n pyniging om die afskuwelike littekens van grondverspoeling oral in ons land te aanskou. Hier en daar het 'n stem in die woestyn geroep, maar afgesien van 'n paar staatsamptenare wat in obskure afgesonderdheid geïsoleerde pogings aangewend het om die verwoesting teen te gaan, is daar van owerheidsweë en van die kant van die openbare pers niks of bloedweinig gedoen om die vraagstuk op groot skaal aan te pak of ten minste aan die kaak te stel. Dit is maar nouliks 'n jaar gelede dat daar 'n sogenaamde „Veldtrust" in die lewe geroep is, wie se taak dit ook nie is om alle magte teen die bedreiging te mobiliseer nie, maar in die eerste plaas om die publiek „grondbewus" te maak deur middel van propaganda.

**ONNODIG**

**In 'n staat waar politiek die opbou van die land en versorging van die volk beteken, en nie die voer van verkiesings nie, sou dit nie nodig gewees het om 'n komitee aan te stel om die publiek „grondbewus" te maak nie en nog minder om 'n vreemdeling van buite in te voer om aan die volk te kom sê wat elkeen met sy blote oog elke dag aanskou.** Want in so 'n staat waar politiek **arbeid aan die volksbestaan** beteken, sou die versorging van die vaderlandsbodem 'n gemeenplaas gewees het. Wel sou in so 'n staat van ervaring in die buiteland geleer kon word — sonder gevaar om van die een of ander „Sap"-neigings beskuldig te word. **Wat meer is, in so 'n land waar politiek die gesamentlike arbeid van die volk beteken, sou dit ook nie nodig gewees het om by geleentheid van 'n besoek uit die vreemde te verneem van wat een boer aan die Oranjerivier doen om grond te herwin of wat 'n ander boer by Port Elizabeth doen om sandduine beweibaar te maak nie. Nee, sulke private ondernemingsgees sou deur die staatsmasjinerie lank al ontdek en oral aanwendbaar gemaak gewees het, want in so 'n staat word daar belang gestel in die WERK van die burger en nie in sy STEM nie.**

**GROOT NUUS**

Maar nou leef ons ongelukkig nie in so 'n volkstaat nie maar in 'n partypolitieke demokrasie, en daarom is dit groot nuus as 'n buitestander vir ons kom sê ons vaderlandsbodem spoel see toe. Dit is sensasie vir die dagbladpers — wie se taak dit in 'n demokratiese staat alleen is om sensasie te verskaf wanneer dit nie besig is om stemme te werf nie. In 'n volkstaat sou die pers gehelp het om die volk voor te lig en sou daar in plaas van skokkende berigte oor uitgesproke menings in verband met grondverspoeling gereelde voorligting oor die bewaring van grond verskyn het.

**Ons leef egter in 'n partypolitieke demokrasie waar politici dag in dag uit oor die verspoelde aarde jaag om stemme te werf — geweldig meer bekommerd oor die politieke grond wat onder hul voete uitspoel as oor die vaderlandsgrond wat na die see wegdryf.** En in hierdie staat word die volk voortdurend gemobiliseer om teen mekaar slag te lewer by die stembus in plaas van teen die vraagstukke. En as die publiek so ver gekom het dat hy „grondbewus" geword het, word daardie bewustheid nie aangewend om grondverspoeling teen te gaan nie, maar word dit deur die politici aangegryp as nog 'n verkiesingsplank waarmee die strydende partye mekaar kan beoorlog — deeglik bewus van die gevaar dat hulle oor vyf of tien jaar onder rotasiedwang na die politieke woestyn sal moet gaan, maar salig onbekommerd oor die werklike woestyn wat hul nageslag wag.

**Met hierdie soort politiek het die Ossewabrandwag finaal gebreek. Politiek beteken vir hom nie meer verkiesings wen nie, maar arbeid aan en deur die volk.** Daarom lui dit in sy beleidstuk ten opsigte van die grond: „Bewaring en verbetering van die teelaarde met die oog op die **volkstoekoms"** — en **nie:** „met die oog op die aanstaande verkiesing" nie!

# Bondgenootskaplike Verhoudings

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

In ons laaste artikel is daarop gewys dat Bolsjewistiese ideologie, d.w.s. kommunisme en Bolsjewistiese imperialisme, d.w.s. Russiese magspolitiek buite die grense van die Sowjet sedert September 1939 op die mars is. Hierdie ontwikkeling het twee stadia deurloop. In die eerste stadium het die Russe veral gebruik gemaak van hul nie-aanvalsverdrag met Duitsland om tussen September 1939 en Julie 1941 die hand te lê op die helfte van Pole, strategies-belangrike dele van Finland na die Fins-Russiese oorlog van 1939-1940, die Oossee-state van Estland, Letland en Littoue en die Roemeense provinsie van Bessarabië. Na Julie 1941 het Rusland 'n bondgenoot van die Angel-Saksers geword en steunende op hierdie bondgenootskap sowel as op sy militêre prestasies het hy nie alleen die bogemelde gebiede wat hy in sy oorlog met Duitsland tydelik verloor het, terug gewen nie, maar ook veel verder gegaan soos die jongste gebeurtenisse in Finland, Pole, Roemenië en Bulgarye bewys.

Op grond van die gebeurtenisse sedert September 1939 lyk dit of die Bolsjewistiese Rusland 'n ewe-gevaarlike vriend as vyand kan wees. Eers was dit die Duitsers wat hierdie ondervinding opgedoen het en vandag is dit die Britte en Amerikaners. Moskou weet presies wat hy wil hê en in die bereiking van hierdie doelwit laat hy hom nie deur vriend of vyand keer nie. Dit lyk of die Bolsjewistiese Rusland wat sedert die eerste wêreldoorlog so lang 'n verstoteling in die gemeenskap van volke was — die geskiedenis van die Volkebond bewys dit — vandag daarop uit is om hom op alle gebiede te laat geld. Sy ideologiese imperialisme word in die hand gewerk deur die troostelose toestande in Europa wat deur die grootskaalse ontwrigting van die huidige oorlog geskep is en sy magspolitieke imperialisme wat so getrou op die voetspore van die ou Tsaaristiese imperialisme volg, vind sy krag nie alleen in die internasionalisme van sy kommunistiese ideologie en in die militêre prestasies van die Rooi leër nie, maar op die oomblik ook in die waardevolle hulp van sy Angel-Saksiese bondgenote. Vandaar dat Russiese imperialisme op ideologiese gebied sowel as op die gebied van die magspolitiek binne en buite Europa vandag op die mars is soos nog nooit te vore in sy geskiedenis nie.

**'n Paar Vraagtekens**

Die groot vraag vandag is: hoe gaan hierdie Russiese geldingsdrang die bondgenootskaplike verhoudings met Washington en Londen affekteer? Gaan die Angel-Saksers die Duitsland van 'n Adolf Hitler vernietig teneinde die Rusland van 'n Josef Stalin op die troon te plaas? Gaan die Britte 'n streep trek deur hul tradisionele beleid om die Russiese uitbreidingsdrang na Indië, die Persiese Golf en die Dardanelle te keer? Watter uitwerking gaan die kommunistiese wêreld- en lewensbeskouing van Moskou en sy groeiende aanhang in Amerika en Brittanje hê ten opsigte van Angel-Saksiese instellings soos private eiendom, staatskerk, adel en koningskap, om slegs 'n paar te noem?

**Die Skrif aan die Muur**

Niemand sal vandag beweer dat die verhoudings tussen Rusland en sy Angel-Saksiese bondgenote alles maneskyn en rosegeur is nie. Die gemeenskaplike Duitse vyand het wel 'n bondgenootskap tussen hierdie drie grootmoondhede moontlik gemaak, maar dit is 'n bondgenootskap vol barste en krake. Nog 'n paar dae gelede is uit Londen berig dat ongeveer 20 Britse en Amerikaanse offisiere wat omtrent tien dae in Sofia was, per motor na Turkye vertrek het nadat hulle deur die Russiese militêre opperbevel in die Sofia-streek beveel is om Bulgarye binne 24 uur te verlaat. Russiese offisiere het saam met die Engelse en Amerikaners tot by die grens gereis.

As in gedagte gehou word dat Bulgarye in oorlog met Brittanje en Amerika maar nie met Rusland gestaan het nie, dat 'n Bulgaarse wapenstilstandkommissie juis in Kaïro besig was om met die Britte en Amerikaners te onderhandel toe Russiese troepe Bulgarye binnegeval het en dat Bulgarye aan die poorte van die Dardanelle is, dan is dit nie moeilik om die Londense berig, die skrif aan die muur, te vertolk nie. Onder gewone omstandighede sou hierdie Russiese optrede in Sofia allig 'n casus belli uitgemaak het.

Die insident van Sofia is egter maar een van 'n hele reeks dergelike insidente wat bewys lewer dat dit met die bondgenootskaplike verhoudings tussen Moskou, Washington en Londen nie alles wel is nie. Toe die Britte en Amerikaners 'n paar jaar gelede Iran binnemarsjeer het, het die Russe nie op hulle laat wag nie en dieselfde gedoen.

Die onheilspellendste skrif aan die muur is waarskynlik die Russiese optrede ten opsigte van Pole, hierdie ongelukkige land wie se onafhanklikheid deur Brittanje gewaarborg was en watter waarborg die onmiddellike oorsaak sou gewees het dat Brittanje op 3 September 1939 oorlog aan Duitsland verklaar het.

'n Volgende keer meer oor die Poolse skrif aan die muur.

LUCERN en AARTAPPELS
STUUR U PRODUKTE AAN
UNIE PRODUKTE AGENTSKAP
Hangerstr. 34 — BLOEMFONTEIN
Eienaars: A. SPIES en MOOLMAN.

MÔREMARK PRETORIA
BOERE! vir die beste dienste, stuur u produkte, eiers, en lewendehawe, aan ons vriende
PRINSLOO & VENTER
WELGEMOEDGEBOU
Bus 361 Telefoon 2-2208
PRETORIA

DEFTIGE SOMERSHOEDE
in groot verskeidenheid
by
Steyns
Parow se Moderne
DAMESMODISTE
Voortrekkerweg — PAROW

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG.
KOOP NOU!
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
Werda Meubelhandelaars
(Eiendoms.) Beperk,
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6806.

Ondersteun ons Blad

KERSFEESKAARTJIES
Kersfees en Nuwejaar kom! Bestel nou!
Pragtigste versameling ooit aangebied.
Prys 6/- per dosyn posvry.
Kontant by bestelling.
Alleen die Boerejeug-hoofkwartier is vanjaar deur die Organisasieleier gemagtig om kerskaartjies te versprei.
Bestel regstreeks deur
Die Boerejeug, Posbus 5754, Spoorbondgebou, JOHANNESBURG.

£1000 vir u Oë
Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.
DUWAS
Die Antiseptiese en Helende Oogwas.
'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.
Van alle Apteke, of direk van
DIE VOORTREKKER-APTEEK
KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).

RAKETTE
ASOOK ANDER SPORTBENODIGHEDE
stuur aan
VAN ZYLS
vir
HERSNARING
DIE PAARL
OOK TE PORTERVILLE.

# Plaasbotter Weerspreek Regering

## Oorlogsuitvoer Oorsaak van Tekort

Volgens syfers wat deur die Minister van Landbou 'n paar weke gelede verstrek is, is die Unie se uitvoer van botter vir oorlogsdoeleindes nagenoeg 10 miljoen pond per jaar. Om hierdie uitvoer te kan handhaaf moet die Unie-bevolking gerantsoeneer word, soos trouens die afgelope paar jaar gereeld gebeur. So 'n tekort was daar hierdie jaar in ons land dat die voorrade tot op 'n kwart van wat dit aan die begin van die jaar was, ingekort is vir openbare gebruik. **Volgens 'n latere aankondiging van die Minister moet die tekort glo toegeskryf word aan 'n oormaat van reën gedurende die somermaande en daaropvolgende droogtes!**

Maar nou is dit baie interessant dat onderwyl die pers vol was van voorspellings dat die verskriklike bottertekort nog maande sal duur, **die mark vrywel goed voorsien geraak het van plaasbotter**, wat weliswaar teen dubbel die vasgestelde prys van fabrieksbotter verkoop is. **Die feit bly egter dat daar botter op die mark was**, en wel heelwat meer as wat die regering wou toelaat. Eers het die regering hierdie bemarking probeer verhinder deur met 'n dreigement te kom. Toe dit nie help nie, het hy plaasbotter se prys op 1/11 vasgestel.

**Dit is duidelik dat die regering hoop om langs hierdie weg die boere te dwing om hul room aan die fabrieke te lewer vanwaar dit aangewend kan word vir uitvoerdoeleindes ten koste van die eie volk.** Indien die regering wel besorg was oor hoë pryse, waarom het hy die pryse nie vasgestel toe plaasbotter verlede jaar 5s. 8d. behaal het nie? Dit is opvallend dat die pers al dadelik aankondig dat die boere nou nie meer hul botter na die mark sal stuur nie en ook nie hul room na die fabrieke nie. **Net soos in die geval van vleis sal die boere nou verantwoordelik gehou word vir die tekort wat inderdaad te wyte is aan die buitensporige uitvoer ter nakoming van oorlogsverpligtinge.**

### NOG 'N POGING

In 'n ope brief wat hy aan die pers oorhandig het, doen adv. Pirow 'n beroep op dr. Malan en dr. Van Rensburg om bymekaar te kom. Hy voer aan dat daar groot ooreenkoms bestaan tussen die verskillende groepe ten opsigte van al ons kernprobleme. Hy stel voor dat die genoemde twee leiers onder voorsitterskap van een of van albei, of onder voorsitterskap van 'n moderator van een van die kerke, 'n versoeningskomitee stig waarop die O.B. en H.N.P. die grootste verteenwoordiging sal hê, maar waartoe ook uitgenooi sal word alle ander nasionaalgesinde groepe. Die komitee se taak moet wees om die vrede te bewaar, gesamentlike optrede in sake van nasionale belang te behartig en om 'n anti-kommunistiese front te stig.

Die brief meld dat Die Volksblad die voorstel „by voorbaat verwerp het".

(Toe dr. Van Rensburg op 22 Junie 'n laaste beroep op dr. Malan gedoen het tot samewerking, was laasgenoemde se antwoord dat hy hom nie ophou met die metodes van Tsjaka en Dingaan nie, en nooit met dr. Van Rensburg sal saamwerk nie.—Red.)

### UIT HUL BEHOEFTE

Die gees van offervaardigheid binne die Ossewabrandwag, veral onder behoeftige lede, is 'n wonderlike verskynsel wat getuig van die krag wat van die Beweging uitgaan en die geloof in hom. Van Roossenekal (Tvl.) word berig van 'n behoeftige vrou, mev. C. Kidson, wat droëvrugte vir £1 verkoop en dit aan die Noodhulpfonds geskenk het. 'n Paar ander behoeftige vroue op Bothasberg het saam £1-13-0 vir die Noodhulpfonds geskenk.

## O.B.-Dagvierings

Die volgende berigte oor O.B.-dag het binnegekom:

**Barberton:** Barberton - kommando het 'n skitterende sukses met die O.B.-dag te Kaapmuiden gehad. Die opkoms was besonder goed. Die bedrag van £175 is ingesamel, wat dié van die vorige jaar met £70 oorskry. Die K.G. het in die middag die vergadering toegespreek.

**Lydenburg:** Hierdie manne- en vroue-kommando het op 12 Augustus deur die dag 'n basaar op die dorp gehou en kon meer as £100 insamel. 'n Klein veldstoeltjie wat deur een van die losgelate geïnterneerdes gemaak is, het £5-1-0 opgebring. Komdt. P. M. du Plessis, van Hoofkwartier, het as spreker opgetree. Die opbrengs was bykans die helfte beter as in 1943.

**Louis Trichardt:** Kommando's F1a1 en F1a6 het op 19 Augustus hul funksie gehou. Die opbrengs van die dag was £101. As spreker het opgetree prof. C. H. Rautenbach, van Pretoria. Op 15 Julie is in die Veldkornetskap Spitzkop ('n deel van die Kommando) ook 'n funksie gehou waar die opbrengs £34 was. Van 8 Aug. 1943 tot 30 Julie 1944 is ook die mooi bedrag van £65 deur twee asst.-veldkornetskappe (vroue) ingesamel deur die maak en verkoop van naaldwerk en kinderspeelgoed. Hierdie mannen vrouekommando het dus vir O.B.-dag die pragtige bedrag van £200 byeengebring, wat meer as dubbel soveel as dié van die vorige jaar is..

**Tussenkomst:** Kommando's F5b3 en F5b7 het op 11 en 12 Augustus hul funksie gehou en die opbrengs na aftrek van alle kostes was £80-15-7 vergeleke met die £65-11-3 verlede jaar.

**Koster:** Kommando F6a6 het hul funksie op die plaas Kosterfontein gehou en het 'n netto-opbrengs van £25 gelewer. Genl. Fouche en hoofkomdt. Blom het as sprekers opgetree.

### MINDER STEMME AS LEDE

Deur die sekretaris van die Transvaalse H.N.P. is bekendgemaak dat die ledetal van genoemde party in Transvaal op 140,000 staan. Dit is van belang om te weet dat die H.N.P. met die algemene parlementêre verkiesing verlede jaar slegs 125,000 STEMME gekry het en met die provinsiale verkiesing in Oktober verlede jaar het hierdie getal tot 80,000 gekrimp. Die H.N.P. het dus, volgens die syfers van sy sekretaris met die jongste verkiesing 60,000 **stemme** minder gekry as sy **ledetal** — en dis bekend dat die meerderheid van die O.B.-lede in Transvaal wel vir die H.N.P. gestem het. **Wat sal die posisie wees as hierdie O.B.-lede nog uitgeskop word soos die kongres besluit het?**

### NOODHULP-AANBOD

Na aanleiding van die aanbod van generaalskap E6 om £300 in die O.B.-Noodhulpfonds te stort as 'n spesiale poging, soos vermeld in Die O.B. van 3 Mei 1944, berig Gebiedskwartier E dat die generaal hierdie bedrag alreeds gestort het bo en behalwe sy gewone maandelikse bydrae.

Die aanbod lui dat generaalskap E6 onderneem om £300, bo en behalwe sy gewone maandelikse bydrae, in die O.B.-Noodhulpfonds te stort mits tien ander generaalskappe dieselfde doen, tien ander £150 en die oorblywende generaalskappe £50 elk insamel.

Tot dusver is generaalskap F3 die enigste generaalskap wat gehoor gegee het aan hierdie aanbod.

Generaalskap E6 vra nog, hoewel hulle £300 inbetaal het, dat die ander generaalskappe in die Unie ook 'n soortgelyke spesiale poging moet aanwend tot sterking van hierdie groot volksaak!

### OORLOGSONSIN VERWEK „MAATSKAPLIKE SIN"

„Die oorlog het dwarsdeur die wêreld 'n sterk maatskaplike sin laat ontstaan," het genl. Smuts verlede week in 'n toespraak voor die Welsynskonferensie gesê.

Snaaks genoeg dat die oorlog nou juis moes ontstaan het met die doel om die sterk maatskaplike sin uit te roei wat in Duitsland uitlewing gevind het onder die Hitler-bewind. In hoever die oorlog self bevorderlik was vir hierdie nuutgevonde maatskaplike sin van die demokratiese bewindhebbers, blyk uit die berigte omtrent broedermoord en onmaatskaplike wanordelikhede in die „bevryde" lande.

Die Ossewabrandwag het geen oorlog nodig gehad om 'n maatskaplike sin in hom op te wek nie — **hy is 'n jaar voor die oorlog juis gestig met die doel om 'n staat te verkry waarin daar gelewe sal word in die gees van een vir almal en almal vir een. En terwille daarvan sit honderde lede van hom nog in die kampe en tronke op gesag van genl. Smuts!**

### VERJAARDAGKETTING

**5 Okt.:** Nancy van Zyl, Paarl; Susara van Deventer, Pearston; Fransina Christina Kriel, Wilgenhoutsdrift; Inez Eksteen, Franschhoek; Rudolph van Niekerk, Tarkastad; Pieter de Waal, Stellenbosch; Marietta Bekker, Beaufort-Wes; John Taljaard, Goodwood; Frans A. Smit, Fraserburg; Berend Barend van Heerden, Witkop; Abraham Paul Janse van Rensburg, Clocolan; Anna Jacobs, Philippolis.

**6 Okt.:** Alida Maria van der Merwe, Kakamas; Marieta Wagener, Kirkwood; Petronella Aletta Nel, Kirkwood; Gert Uwes Steyn, Karreedouw; Anna Nel, Aughrabies; Sannie Nortje Gemsbokvlakte; Daniel Smit, Pearston; Barend Fourie, Observatory; Gusta Louw, Kampsbaai; Johannes Francois Eloff, Werkmetlus; Jan Heystek, Boshoop.



**7 Okt.:** Martha Christina Bekker, Kirkwood; Helena Johanna Fouche, Kommissidrif.

**8 Okt.:** Rita Liebenberg, Paarl; Hanna Nel, Pearston; Jossie du Plessis, Sutherland; Rhinus Nortje, Sutherland; Helena Sophia Bieldt, Wolseley; Jan van Eck, Port Elizabeth; Schnettler de Wit, Tarkastad; Renier Johannes Cornelius du Plessis, Witkop; Barend Johannes Carel Koen, Wesselbron.


**9 Okt.:** Susanna van Tonder, Toekoms; Jacobus Malan, Hugenoot; Jacob Stephanus de Vos, Seepunt; Christoffel Petrus Jochemus Prinsloo, Wesselbron.

**10 Okt.:** Beatrix Olivier, Beaufort-Wes; Helene van der Westhuizen, Kakamas; René Dempers, Paarl; Johanna Gertruida Malherbe, Vryburg; Christina Viviers, Wilgenhoutsdrift; Etienne le Roux, Franschhoek; Anna Burger, Brandvlei; Nesta Pio,, Groot-Brakrivier; Paul Kruger Lombard, Amalia.

**11 Okt.:** Beatrice Wiid, Stellenbosch; Nicholas M. Dippenaar, Aughrabies.



NEEM TOE IN POPULARITEIT

IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
Kommando
-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
SH 2274

SASBANK
Verrig Volksdiens
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar
Terme uiters billik
RAADPLEEG SASBANK
PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.


DIE TWEEDE SKOF . . .
In u werkjare kan u dit waag om die toekoms met gerustheid tegemoet te sien, want u inkomste is gereëld en seker genoeg om u die goeie vooruitsig te verskaf dat u lewensloop langs 'n gebaande weg sal gaan.
Maar . . . daardie gestrate pad loop dood as u die dag aftree en u inkomste dan daal of heeltemal ophou. En die pad verder kan vir u (en vir u afhanklikes!) 'n baie moeilike en slegte pad wees—tensy u *nou-al* sorg om ook dáárdie deel van u lewenspad te „straat" deur—
'n Sanlam-polis
SANLAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

